VOLKSBLAD
02 Nov 2005
Page : 9 #

Oorloopwet 'bevoordeel ANC'

■ LIEZEL DE LANGE

JOHANNESBURG. – Die land se oorloopwetgewing bevoordeel die regerende party en veroorsaak dat opposisiekiesers nie eens die moeite wil doen om te gaan stem nie.

Só het prof. Karthy Govender van die Universiteit van KwaZulu-Natal wat tot die Menseregtekommissie (MRK) gesekondeer is, eergister gesê op die bekendstelling van *South Africa 2005-2006: State of the Nation*.

Dié versameling essays oor onder meer politiek, ekonomie en die maatskaplike welstand van Suid-Afrikaners word jaarliks deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) saamgestel. Govender het op die bekendstelling uitgebrei oor sy hoofstuk oor menseregte in dié boek.

Volgens Govender het Suid-Afrika die afgelope dekade uitstekend gevaar met die inwerkingstelling van menseregte, maar kom die oorloopwetgewing neer op 'n sleutelkompromis van 'n grondwetlike demokrasie. "Dit bevoordeel die regerende party en opposisiekiesers verloor belangstelling."

Govender het gesê die "beginsellose manier" van oorlopery het sy oorsprong toe die DA uitmekaargespat en die NNP-lede 'n manier moes vind om die DA te verlaat sonder om hul setels prys te gee. Dit was nodig om hiervoor voorsiening te maak, maar het sedertdien probleme veroorsaak.

"Oorlopery bring mee dat politieke mag nie langer ooreenstem met die wil van die kiesers nie."

Govender het uitgewys dat die oorloopwetgewing grondwetlik is, maar nie wenslik nie. "Oorlopery stroop kleiner partye van hul steun en versterk die dominante party selfs verder as sy steun onder kiesers," het Govender gesê.

"Die dominante politieke party in Suid-Afrika het hom grootliks beperk tot tegniese veranderings aan die Grondwet en het die versoeking weerstaan om sy meerderheid te gebruik om omvangryke veranderings te maak," het Govender gesê.

"Die veranderings aan die Grondwet vir die oorloopwetgewing is 'n jammerlike uitsondering wat 'n negatiewe uitwerking kan hê op die grondwetlike orde."